

## Kersfees: simboliek, kleure en gebruike

### Advent

“Advent” kom van die Latynse woord *adventus* en beteken “koms”. Dit is die seisoen in die Kerkjaar wanneer ons onthou hoe mense uitgesien het na die eerste koms van die Messias. Dit is die begin van die Christelike kerkjaar (die kalenderjaar begin op 1 Januarie).

Tydens die vier weke van Adventstyd dink ons daaraan dat Christus gekom het en dat Hy weer sal kom. Ons kyk dan spreekwoordelik agtertoe en vorentoe. Dis nie net 'n tyd om sy geboorte te herdenk nie maar ook 'n tyd om uit te sien na sy tweede koms. Dit is 'n tyd waarin ons oefen om Christus se verrassende tweede koms elke dag in ons lewens in te wag en voor te bid: *'maranata'* (kom gou, Here!).

So vroeg as die 4de eeu nC alreeds is daar in Spanje en Frankryk begin met liturgieë vir die kerklike voorbereiding van Kersfees. In die 6de eeu is soortgelyke liturgieë in Rome begin doen. In Rome was dit aan die begin 'n enkele dag van vas ter voorbereiding van Kersfees.

Pous Gregorius die Grote (540-604 nC) was die eerste persoon wat die lengte van Advent vasgestel het op vier weke. Die tema van die Tweede Koms van Christus was van toe af al belangrik in hierdie kerklike seisoen. Tot in die twaalfde eeu is dit beskou as 'n tyd waarin wit klere gedra en die *Gloria in Excelsis Deo* gesing is.

### Die adventskrans

Die kern van die adventskrans is 'n sirkel met groen loof, 'n Christuskers in die middel en 4 adventskerse op die sirkel. Dit bevat 'n paar simbole wat ons help (1) om te wag vir sy koms en (2) om na te dink oor Jesus se gawes. Die krans self is in die vorm van 'n sirkel. 'n Sirkel het geen begin of einde nie. Dit herinner ons daaraan dat daar geen begin of einde aan God en ook nie aan sy liefde vir ons is nie. Die lig van die kerse, wat algaande sterker word namate volgende kerse aangesteek word, herinner ons daaraan dat Jesus die Lig vir die wêreld is.

Op elke Adventsondag word 'n volgende kers aangesteek totdat al vier op die vierde Adventsondag brand. In die middel van die krans staan die groot wit Christuskers wat op Kersdag saam met al 4 adventskerse aangesteek word.

Die vier kerse herinner ons aan vier gawes wat Christus vir ons gebring het, naamlik:

1. hoop
2. vrede
3. vreugde
4. liefde

Die kleur van die kerse is koningsblou of purper (die kleur vir Advent) maar die vreugdekers (vir die derde Sondag) is ligroos. Dit stel 'n soort ligter luim of pouse voor (juis op die Sondag van “vreugde”) waarin ons moet skeep dat die einde van die wagtyd in sig is. Byna soos wanneer mens 'n berg uitklim en die spits nie kan sien nie, maar dit dan skielik uit 'n oopte uit sien en nuwe moed skeep, al is jy nog nie heeltemal daar nie.

## Kleure

Die liturgiese kleure vir Advent is twee historiese koningskleure want Jesus is ons Koning - koningsblou of purper (konings het 'n purperkleed gedra) en vir Kersdag is dit wit (rein, skoon) en goud (oorwinning).

## Hoekom 25 Desember?

Daar is 'n ou kerklike tradisie wat sê dat die engel Gabriël op 25 Maart (1) aan Maria verskyn en aangekondig het dat sy swanger sou word maar (2) dat dit ook die datum was waarop Jesus ± 30 jaar later aan die kruis gesterf het. As dit die begin van haar swangerskap was, val nege maande later op 25 Desember. Die wins van hierdie tradisie is dat dit ons op Kersdag herinner daaraan dat Jesus gebore is om vir ons te sterf. Dat Jesus se lewe van die krip na die kruis na die kroon vir die wêreld verlossing gebring het.

Die Oosterse (Ortodokse) en Westerse kerke vier Jesus se verskyning in die wêreld verskillend. Ons (Westerse kerke) vier Kersfees omdat Jesus met sy geboorte op die toneel verskyn het. Die Oosterse kerke vier eerder sy doop in die Jordaan. Vir hulle was sy doop die begin van sy openbare lewe en dit is vir hulle belangriker as sy geboorte. Hierdie kerklike fees noem hulle Epifanie (die Griekse woord *epifaneia* beteken "verskyning") en hulle vier dit op 6 Januarie. Ons probeer ook op die Sondag naaste aan Epifanie iets maak van die herdenking van Jesus se doop, sy bediening en sy wonderwerke.

Die baie vroeë kerk het nie 'n tradisie van Kersvieringe gehad nie. Die gedagte daarvoor kom eers omtrent uit die vierde eeu nC. Die eerste Kersfees waarvan ons bewus is wat op 25 Desember gevier is, was in 336 nC in Rome nadat Konstantyn keiser geword het.

Die fees van *Sol Invictus* (die onoorwinlike son) op 25 Desember was in daardie tyd 'n belangrike feesdag in die Romeinse ryk. Die songod is as hoofgod vereer en diens aan hierdie afgod het begin saamloop met die tradisie van keiserverering. Christene wou 'n Christelike teenstem teen *Sol Invictus* op 25 Desember opper om aan te toon dat dit nie die keiser of 'n songod is wat die lig bring nie maar Jesus Christus. Die gedagte was om die heidense kultuur met die waarheid van die evangelie te konfronteer en om te stamp. Die belangrikste van hierdie dag was om Christus se geboorte, as mensgeworde Woord, te verkondig. Baie mense beweer dat dit die gedagte agter al die kersliggies is: dit is simbolies van Christus se oorwinning. Hy is die Son van geregtigheid.

## Kersvader en sy rendiere

Die Kersvader gebruikte word verbind aan 'n karakter wat Kersvader of Santa Claus genoem word en moet NOOIT met Jesus Christus verwar word nie. Santa beteken Heilig en Claus kom van Nikolaas af – die Heilige Nikolaas. Hy was 'n goeie biskop van Myra (Turkeie) wat in die vierde eeu geleef het. Volgens oorlewering was hy 'n biskop en baie geliefd in die Katolieke kerk. Hy is vervolgd, in die tronk gegooi en later deur keiser Konstantyn bevry. Hy was bekend as 'n beskermheer vir matrose en vir sy sorgsaamheid vir arm kinders aan wie hy graag geskenke gegee het.

Daar is baie legendes oor sy liefde vir kinders. Die bekendste storie oor hom verklaar 'n paar kersfeesgebruike. Daar was 'n arm man wat drie dogters gehad het. Hulle wou trou, maar kon nie, omdat hulle pa nie genoeg geld gehad het vir 'n bruidskat vir elkeen nie. Sint Nikolaas was 'n skaam man en wou nie sommer gaan geld gee nie. Toe die eerste dogter wou trou, het die goeie biskop 'n sakkie goud in die nag by 'n venster ingegooi. Later het hy dieselfde gedoen toe die tweede dogter wou trou. Met die derde dogter op trou, het die arm vader van die dogters besluit hy gaan uitvind wie die weldoener is. Hy het waggehou in die nag en dit word vertel dat hy die biskop gesien het toe hy hierdie keer op die dak geklim en 'n sakkie goud in die skoorsteen afgegooi het. Die sakkie goud het hierdie derde keer binne-in 'n sokkie geval wat in die vuurherd gehang het om droog te word. En vandaar, die kerskous! Sint Nikolaas het die vader natuurlik gevra om dit geheim te hou, maar hy het nie. Vandag word die geskenke toegeskryf aan Sint Nikolaas. Die rooi gewaad van Kersvader het ontwikkel uit die biskop se rooierige maroen ampsdrag.

Die stories het versprei na ander lande. Dit was in die koue, sneeuerige Laplande waar 'n slee en rendiere aan Sint Nikolaas verbind is. Die 6de Desember is die herdenking van Sint Nikolaas se dood (343 nC). Dit is so naby aan Kersfees dat die Heilige Nikolaas en sy geskenke-nalatenskap oor tyd met Kersfees en Jesus se geboorte vermeng geraak en so veroorsaak het dat Oukersaand in die meeste lande met geskenke gevier word.

In Nederland en Duitsland word die 6de Desember steeds as Sint Nikolaasdag gevier en Kersfees apart op 25 Desember. Dit veroorsaak dat hulle meer op Kersfees se unieke boodskap kan fokus en nie Kersfees so groot aan geskenke koppel nie.

Dit bly belangrik dat Jesus Christus (spesifiek) se geboorte elke Kersseisoen gevier word. En dat niks of niemand anders sy plek as enigste Verlosser by Hom kan oorneem nie. Hy het vrede gebring vir alle mense oor die hele aarde. Die engele het by sy geboorte gesing: 'Vrede op aarde'. Maarten Luther het gesê dat selfs al sou Jesus 'n duisend maal in Betlehem gebore word. As Hy nie in jou hart gebore is nie, is Hy nog nie vir jou gebore nie.

### **Kersfees, feeste en partytjies**

Kersfees het in die vroeë jare (net soos vandag) vermeng geraak met wêreldse feeste en partytjies. Soveel so dat die Sinode van Dordt in 1574 die vier van Kersfees verbied en gesê het Christene mag slegs Sondae as Opstandingsfees vier en niks anders nie.

Later het die kerk besef dat mense 'n behoefte het om Jesus se geboortedag te vier. Die sinode van Dordt het in 1617/18 besluit dat Gereformeerde kerke voortaan drie feeste (kerksiklusse) mag vier nl. Paasfees, Pinksterfees en Kersfees. Hemelvaart het later bygekom.

### **Die Kersboom**

Die gebruik van die Kersboom het 'n sterker kerklike betekenis as wat die meeste mense vermoed. Die Kersboom verwys terug na die boom van die lewe in die tuin. Die boom herinner ons aan die skepping en dat Christus gekom het en weer sal kom om die totale skepping te herskep en te verlos (Rom 8:19- 20). Die voorbereiding en versiering van 'n Kersboom dui so op die hele skepping wat wag op die tweede koms van die Koning.

Die tradisie van die Isai-stomp sluit aan by Jesaja 11:1. Daar lees ons dat 'n takkie uit die stomp van Isai sal spruit. Volgens tradisie word die stomp van Isai (ook genoem die familieboom van Jesus) – koning Dawid se pa uit wie se geslagslyn Jesus gebore is - gesimboliseer deur 'n droë stomp met 'n rooi lint daarom.

Daar is ook verskeie ander legendes oor die ontstaan van die kersboom.

1. Een storie vertel dat dit begin het by die Engelse monnik Bonifacius. Op een van sy reise het hy op 'n groep barbaarse heidene afgekom wat rondom 'n groot eikeboom op die punt was om 'n kind te offer aan die god Thor. Om hierdie ritueel te beëindig en die kind se lewe te red, het Bonifacius met een vuishou die eikeboom neergevel. In die plek daarvan het 'n klein denneboompie gegroei. Die heilige Bonifacius het vir die heidene verduidelik dat daardie boompie die Boom van die Lewe was en die ewige lewe in Christus simboliseer.
2. 'n Ander storie vertel dat Martin Luther, die groot kerkhervormer, een Oukersaad deur die woud gestap het. Hy het hom geloop en verwonder aan die miljoene sterre wat skyn deur die blare van die dennebome. Hy was so opgewonde dat hy 'n klein boompie afgesny en dit huis toe gevat het na sy familie toe. Om die sterliggies wat hy in die woud gesien het vir hulle te kan wys het hy kersies op die takke van die boompie gesit.
3. Nog 'n legende vertel van 'n arm houtkapper wat lank gelede een Oukersaad 'n verdwaalde, honger kind teengekom het. Alhoewel hy self baie arm was het hy vir die kind kos en slaapplek vir die nag gegee. Die volgende oggend toe hy wakker word was daar 'n glinsterende klein boompie buite sy deur. Die honger kind was in werklikheid die Christuskind in 'n vermomming. Die boompie was 'n geskenk om die goeie man vir sy welwillendheid te bedank.
4. Sommige mense voel die kersboompie se oorsprong lê by die sogenaamde "paradysdrama". In die Middeleeue kon meeste mense nie lees nie en dramas is gebruik op die lesse van die Bybel oral oor Europa aan mense oor te dra. Die paradysdrama het die skepping en sondeval van die mens uitgebeeld. Elke jaar op 24 Desember is die drama opgevoer. Omdat dit in die winter gedoen is, het dit 'n probleem geskep. 'n Appelboom was nodig maar daar was nie appels in die winter nie. 'n Denneboom is dus met vrugte behang en so het ons kersboom ontwikkel.
5. In Duitsland was die kersboom van vroeg af 'n simbool van die boom van die lewe in die paradys. Daarby het Duitse gelowiges ook 'n houtstruktuurtjie in die vorm van 'n piramidetjie gebruik en op elke trappie 'n kersie geplaas. Dit het hulle op Oukersaad daaraan herinner dat Christus die lig vir die wêreld is. Die boom en die piramide het mettertyd een geword. 'n Boom met liggies wat sê Christus het die Boom van die Lewe geword.
6. Vandag herinner die boom ons ook daaraan dat Christus nie net gekom het om mense te red nie maar die hele skepping en die natuur (Rom 8) ook. Die kersboom is ook 'n ekologiese evangelie simbool.

## Waar kom Stille Nag vandaan?

Oor die geskiedenis van die 'kenwysie' van Kersfees word die volgende vertel: op Kersaand 1818 was twee vriende Josef Mohr, die priester in die klein Oostenrykse dorpie Oberndorf en sy vriend Franz Gruber, die orrelis, besig om vir die middernagdiens voor te berei toe hulle agterkom dat muise die binnewerk van die orrel stukkend geknaag het. Die diens sou sonder musiek moes voortgaan.

Gruber het blykbaar sy kitaar gegryp en 'n wysie begin tokkel – Mohr het opgespring en uitgeroep: "Ek het dit!" en binne 'n halfuur die woorde van Stille Nag neergeskryf.

Middernag, met kitaar en al, is "Stille Nag" uit volle bors gesing. Kersfees se kenwysie is gebore!

Vandag staan dit bekend as die lied wat selfs die kanonne van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 kon stilmaak. Dit word vertel dat die Duitsers 'n boodskapper oor die niemandsland na die Engelse linies gestuur het met 'n uitnodiging om saam met hulle Kersliedere te sing. 'n Engelse soldaat het die boodskapper tegemoetgegaan. Gou het ander soldate ook uit die loopgrawe geklim en hulle by die twee manne aangesluit. "Stille Nag" is gesing en die trane het glo vrylik gevloei. Daar is ooreengekom op 'n skietstaking vir 'n week. Aan die einde van die sewe dae het die Duitsers 'n boodskapper gestuur met die boodskap dat die geveg moes voortgaan, maar dat hulle hulle eerste kanonskote aspris ver mis sou skiet.

Die Britse bevelvoerder het glo die Duitse boodskapper met 'n doos Engelse sjokolade na sy linies toe teruggestuur.

\*\*\*\*\*